

saak nr 191/91

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

DINGAAN JORDAAN

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: HOEXTER, F H GROSSKOPF ARR et HARMS Wnd AR

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

28 Augustus 1992

21 September 1992.

---

UITSpraakF H GROSSKOPF AR:

Die appellant is in die Oranje Rondgaande Plaaslike Afdeling op Upington deur Steenkamp R en twee assessore skuldig bevind aan moord (2 aanklagte), roof met verswarende omstandighede (2 aanklagte), onwettige besit van 'n vuurwapen (2 aanklagte) en onwettige besit van ammunisie (2 aanklagte). Die appellant is die doodvonnis op elkeen van die twee moordklagtes opgelê, terwyl hy tot 12 jaar gevangenisstraf op die eerste roofklagte en tot 5 jaar gevangenisstraf op die tweede roofklagte gevonniss is. Die vier klagtes wat verband hou met die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie is saamgeneem vir doeleindes van vonnis, en die 2 jaar gevangenisstraf wat die appellant op hierdie aanklagte opgelê is, moet saam met die 12 jaar gevangenisstraf op die eerste roofklagte uitgedien word. Die appellant appelleer teen die skuldigbevindings en vonnisse op al agt aanklagte. Vir sover die appellant nie 'n

outomatiese reg van appèl het nie, appelleer hy met verloop van die hof a quo.

In die hof a quo het 'n beweerde mededader as beskuldigde 2 saam met die appellant tereggestaan op dieselfde aanklagte, maar hy is slegs aan diefstal van 'n radiowerker skuldig bevind. Wat die ander aanklagte betref, is hy onskuldig bevind en ontslaan.

Die appellant is in die eerste plek daaraan skuldig bevind dat hy op Woensdag 15 Augustus 1980 vir mev Rokitta, toe 55 jaar oud, by haar woning op 'n besproeiingsperseel op Jooste-eiland buite Uppington aangeval het en van haar man se .22 geweer beroof het. Die distriksgeneesheer wat haar na die aanval ondersoek het, het haar beskryf as 'n skraal persoon wat fisies swak was en wat oud voorgekom het. Hy het skaaf- en kneuswonde aan haar gesig en polse gevind, asook krap- en wurgmerke aan haar keel. Sy bevindings het haar getuigenis omtrent die aard van die aanranding in beginsel gestaaf. Die distriksgeneesheer het dit as 'n ernstige

aanranding beskryf. Die verhoorhof het egter bevind dat mev Rokitta die nagevolge van die aanval ietwat oordryf het.

Mev Rokitta was nie in staat om haar aanvaller uit te ken op 'n uitkenningsparade wat op 23 Augustus 1990, agt dae na die roof, gehou is nie. Na die parade het mev Rokitta in die kantoor van sers Du Toit gesit toe sers Smit en die appellant in die gang verbyloop. Toe het sy die appellant egter spontaan uitgewys as die persoon wat haar aangeval het. Mev Rokitta se getuienis is dat sy die appellant op daardie oomblik uitgeken het aan 'n oorkrabbetjie in sy regteroor, asook aan sy gesig en sy stem. Daar is egter verskeie onbevredigende aspekte omtrent hierdie uitkenning, en alleenstaande sou dit beslis nie voldoende gewees het om die identiteit van mev Rokitta se aanvaller bo redelike twyfel te bewys nie. Dit was trouens ook die bevinding van die verhoorhof. Mev Rokitta se uitkenning van die appellant as die persoon wat haar beroof het, word egter in 'n belangrike

opsig gestaaf deur verdere getuienis wat toon dat die appellant geweet het waar die betrokke .22 geweer versteek was kort nadat mev Rokitta daarvan beroof is.

Dit blyk verder uit onbetwiste ballistiese- en ander polisiegetuienis dat daardie .22 geweer gedurende die nag van Saterdag 18 Augustus 1990 deur iemand gebruik is om mnr en mev Viviers op Louisvale buite Upington te vermoor. Dieselfde .22 geweer is 'n paar dae daarna deur die appellant aan die polisie uitgewys op 'n plek waar dit versteek was. Indien die getuienis omtrent daardie uitwysing aanvaar word, verbind dit die appellant met die roof op mev Rokitta asook met die moord en roof op die Viviers egpaar.

Die gemelde uitwysing deur die appellant het op Dinsdag 21 Augustus 1990 plaasgevind. Volgens die staatsgetuies het die appellant vir maj Nieuwoudt en sekere ander polisiebeamptes na 'n plek ongeveer 60 km buite Upington op die Olifantshoekpad geneem. Daar langs die pad by 'n witgatboom het die appellant eerstens 'n

.303 geweer uitgegrawe wat onder die sand begrawe was. Daardie .303 geweer het aan mnr en mev Viviers se seun behoort en was voorheen in 'n kluis in hulle huis gebêre. Na die moord en roof op die Viviers egpaar op 18 Augustus 1990 het hulle seun gevind dat sy .303 geweer met patrone, asook ander items wat aan sy ouers behoort het, uit sy ouers se huis verwyder was. Nadat die appellant die .303 geweer te voorskyn gehaal het, het hy aan die ander kant van die witgatboom mnr Rokitta se .22 geweer onder die sand uitgegrawe. Die kolf van die .22 geweer was egter afgebreek en nie saam met die res van die geweer begrawe nie. Die afgebreekte kolf is later dieselfde dag ver daarvandaan langs 'n droë rivierlopie ongeveer 1 km van die Rokitta's se huis in 'n digte doringbos deur die appellant aan die polisie uitgewys. Die hof a quo het die polisie se weergawe van die uitwysings aanvaar. Die appellant se advokaat het sekere punte van kritiek teen daardie bevinding geopper, maar na my oordeel bestaan daar geen rede waarom die polisie se

getuienis in hierdie verband nie aanvaar behoort te word nie.

Die appellant het erken dat hy saam met die polisie met die Olifantshoekpad na die betrokke plek by die witgatboom gery het. Hy het egter ontken dat hy die pad soontoe aan die polisie uitgewys het. Hy het intendeel getuig dat die polisie hom na daardie plek geneem het. Volgens die appellant se weergawe het hy geen geweer daar uitgegrawe nie en het hy trouens geen geweer op die toneel gesien nie. Die appellant het verder ontken dat hy daarna saam met die polisie na 'n droë rivierlopie op Jooste-eiland buite Upington gegaan het of dat hy 'n gebreekte geweerkolf daar aan die polisie uitgewys het. Die hof a quo het die appellant se getuienis as vals verwerp. Dit ly geen twyfel dat die appellant 'n swak en leuenagtige getuie was nie. Wat die uitwysings betref, is sy weergawe myns insiens so inherent onwaarskynlik dat dit alleen om daardie rede verwerp moet word. Die polisiebeamptes wat by die

uitwysings betrokke was, het getuig dat hulle glad nie vooraf geweet het waar die gewere versteek was nie, en dat hulle ook nie oor enige inligting met betrekking tot die versteekte gewere beskik het nie. Dit is haas ondenkbaar dat die polisie die versteekte gewere of die gebreekte geweerkolf sonder inligting sou kon opgespoor het. Hulle moes klaarblyklik die hulp gehad het van iemand wat oor eerstehandse kennis van die wegsteekplekke beskik het. Daar is geen getuienis, of selfs enige suggestie, dat die appellant se beweerde mededader, wat as beskuldigde 2 saam met hom aangekla was, die polisie in hierdie verband behulpzaam was nie. Die enigste redelike moontlikheid wat oorbly, is dat dit inderdaad die appellant was wat die gewere uitgewys het.

Die appellant beweer nie dat die uitwysings as gevolg van dwang of onbehoorlike beïnvloeding gedoen is nie; hy ontken eenvoudig enige uitwysing. Bowendien is die versteekte gewere slegs as gevolg van die uitwysings deur die polisie ontdek, en is hierdie dus 'n

uitsonderingsgeval waar 'n gedwonge uitwysing in elk geval toelaatbaar sou wees. (R v Samhando 1943 AD 608 te 611-15; S v Sheehama 1991(2) SA 860 (A) te 877 D-H en 878 G/H). Die getuienis dat die appellant die gewere uitgewys het, was dus toelaatbaar. Die appellant het nie enige verontskuldigende verduideliking vir sy kennis in verband met die wegsteekplek van die gewere probeer aanbied nie. In die omstandighede verskaf hierdie uitwysings na my oordeel verdoemende getuienis teen die appellant. Sy uitwysing van die .22 geweer verbind hom nie alleen met die roof op mev Rokitta nie, maar ook met die moord en roof op mnr en mev Viviers. Sy uitwysing van die .303 geweer verbind hom verder met die moord en roof op die Viviers egpaar.

Mnr Viviers was 74 jaar oud toe hy vermoor is, terwyl sy eggenote 62 jaar oud was. Hulle het elkeen aan 'n skietwond in die kop gesterf. Hulle is in die sitkamer van hulle woning met die gemelde .22 geweer vermoor, waarskynlik gedurende die aand. Afgesien van

hulle seun se .303 geweer, is daar ook verskeie van hulle eie besittings uit die huis verwyder. Mev Viviers se Toyota Corolla motor is terselfdertyd gesteel. Sowel die motor as sekere van die ander gesteelde items wat met sekerheid uitgeken kon word, is later deur die polisie teruggevind op plekke en onder omstandighede wat die appellant verder by die pleging van die misdade van 18 Augustus 1990 impliseer.

Die polisie het mev Viviers se verlate motor op Maandag 20 Augustus 1990 ongeveer 6 km buite Vryburg op die Delareyvillepad gevind. Dit blyk uit die getuienis van ene Stoffel Letokwe dat die appellant gedurende die nag van Saterdag 18 Augustus 1990 met 'n motorvoertuig by die getuie se huis in Klostien buite Kuruman opgedaag het en water gevra het. Letokwe en die appellant het mekaar geken. Volgens Letokwe het die appellant vir hom gesê dat hy op pad Johannesburg toe is. Hy het ontken dat die appellant vir hom gesê het dat hy by iemand in Klostien kom kuier het. Die appellant het erken dat hy die

betrokke aand by Letokwe se huis in Klost en aangedoen het. Volgens die appellant sou hy die naweek by 'n vriend, ene Laurie, in Klost en gaan kuier het, en het hy 'n saamrygeleentheid by vriende van hom gekry wat op pad Nelspruit toe was. Sy vriend Laurie was egter nie tuis nie, en die appellant het toe by Letokwe water gaan vra vir die verkoeler van die motor waarin hulle gery het. Aangesien die appellant nie by Laurie kon oorbly nie, is hy volgens sy weergawe met 'n ander geleentheid terug Uppington toe, waar hy vroeg die Sondagmôre aangekom het. Die getuie Letokwe kon nie sien met watter voertuig die appellant die nag by sy huis in Klost en opgedaag het nie en hy kon ook nie sê of die appellant alleen was of nie. Sy getuienis bied egter steun vir die afleiding dat die appellant met mev Viviers se gesteelde motor na Klost en en verder gery het. Daardie afleiding word verder ondersteun deur die getuienis dat die appellant die gewere langs die pad tussen Uppington en Olifantshoek, en dus op pad na Klost en en Vryburg, begrawe het. Hierdie

getuienis van die appellant se nagtelike besoek aan Letokwe, asook die getuienis van die onderskeie plekke waar die motor en gewere gevind is, is slegs deel van die omstandighedsgetuienis. Alleenstaande neem dit die staatsaak nie veel verder nie, maar wanneer dit saam met al die ander omstandighedsgetuienis, waaronder die uitwysing van die gewere, oorweeg word, regverdig die geheel van sodanige getuienis na my oordeel die afleiding, as enigste redelike afleiding, dat die appellant wel die betrokke misdade gepleeg het.

Daar is reeds verwys na verdere omstandighedsgetuienis wat die appellant met die pleging van die misdade op die Viviers egpaar verbind, nl die opsporing van sekere ander gesteelde goed. Die ondersoekbeampte het op Maandag 20 Augustus 1990 sekere items, soortgelyk aan dié wat uit die huis van mnr en mev Viviers vermis is, aan huis van ene Peterine Tiemies in 'n woonbuurt buite Upington gevind. Dit is gemene saak dat Peterine Tiemies die appellant se vriendin was en dat hy by haar

gebly het en daar geslaap het. Die ondersoekbeampte het by daardie huis beslag gelê op 'n duvetoortreksel, 'n duvet, 'n kussingsloop, 'n kamera en 'n kameraflits. Toe die appellant gedurende die middag van 20 Augustus 1990 gearresteer is, het hy 'n windjak aangehad wat ooreengestem het met die vermiste windjak van die oorledene, mnr Viviers.

Anna Titus, wat jare lank as huishulp vir mev Viviers gewerk het, het die duvetoortreksel en die kamera uitgeken as die eiendom van mev Viviers. Volgens Anna Titus se getuienis het sy self die duvetoortreksel kleiner gemaak. Die kamera het sy herken aan 'n gaatjie in die kamerasak. Die seun van die oorledenes het ook die Olympus kamera van sy moeder uitgeken en wel aan sekere los fokusringe. Dit is sy getuienis dat hy vroeër 'n Yashica kameraflits, soortgelyk aan die een wat by Peterine Tiemies gevind is, as geskenk aan sy moeder gegee het. Bowendien kan dit beswaarlik toevallig wees dat al die ander artikels wat by Peterine Tiemies gevind

is, met die vermiste artikels ooreenstem. Die appellant kon nie verduidelik hoe die betrokke artikels in Peterine Tiemies se besit gekom het nie. Peterine Tiemies het nie getuig nie, maar haar suster wat in dieselfde huis as sy gebly het, het getuig dat sy gesien het toe die appellant op die betrokke Sondag 'n blou-bont duvetoortreksel, soortgelyk aan die bewysstuk voor die verhoorhof, by hulle huis aangebring het. Wat mnr Viviers se windjak betref, het die appellant valslik ontken dat hy dit aangehad het toe hy deur die polisie gearresteer is.

Die hof a quo het na 'n binneverhoor beslis dat 'n bekentenis wat die appellant op Woensdag 22 Augustus 1990 voor die hooflanddros op Upington afgelê het, as getuienis teen hom toelaatbaar is. Ten tyde van die aflegging van die bekentenis het die landdros die appellant versoek om enige beserings wat hy het, aan hom uit te wys. Daarop het die appellant 'n skaafmerk by sy linkeroog en 'n nerfaf plek op sy regterbors aan die landdros getoon. Die landdros het verder 'n skaafmerk

aan die regterkant van sy gesig waargeneem. Die appellant het bygevoeg dat sy linkeroor toe is. Hy het beweer dat die polisie hom na sy arrestasie gedreig het dat hy moeilikheid gaan optel as hy nie die waarheid praat nie. Hy is toe by 'n sportveld, bekend as Unieveld, uit 'n polisiemotor geruk en teen die grond gegooi. Volgens die appellant se mededeling aan die landdros het die polisie daar op hom getrap en toe 'n onbekende vloeistof uit 'n botteltjie in sy neusgate gespuit. Die appellant het die landdros verder meegedeel dat hy daarna bewusteloos geword het. Die landdros het aangebied om dié bewerings onder 'n polisie-offisier se aandag te bring, maar die appellant het die volgende veelseggende antwoord gegee: "Nee, asseblief nie." Dit kan terloops genoem word dat die appellant wel heelwat later 'n aanrandingsaak teen die polisie aanhangig gemaak het. Nadat die appellant egter vir die landdros verseker het dat hy nie onbehoorlik beïnvloed of gedwing was om die verklaring voor hom af te lê nie, het die landdros

voortgegaan om sy bekentenis af te neem. Die hof a quo het bevind dat enige moontlike aanrandings op die appellant niks met die vrywillige aflê van die bekentenis te doen gehad het nie, en die bekentenis is gevolglik as getuienis teen die appellant toegelaat.

Dit is myns insiens nie nodig om al die getuienis wat tydens die binneverhoor afgelê is, te ontleed nie. Die appellant se weergawe dat hy ook by verskeie ander geleenthede deur die polisie aangerand is, is 'n oordrywing wat nie met die getuienis of die waarskynlikhede strook nie. Die polisiegetuies se weergawe met betrekking tot die oorsaak van die appellant se beserings was myns insiens egter ook nie besonder oortuigend nie. Volgens sers Smit se getuienis het hy kort na die appellant se arrestasie toesig oor hom gehou by die sportveld. Daar het die appellant onverwags, en sonder enige ooglopende rede, op die grond neergeslaan en rukbewegings begin maak. Daar was wit skuim om sy mondhoeke waarneembaar. Dit het vir sers Smit gelyk of

die appellant moontlik 'n epileptiese aanval kon gehad het. Die appellant was daarna bewusteloos gewees, maar hy is eers heelwat later daardie dag in die plaaslike hospitaal opgeneem. Die amptelike hospitaallêer verskaf die volgende inligting met betrekking tot die appellant se ongesteldheid: "History of fall off moving vehicle." Die manlike verpleegkundige wat die appellant in die hospitaal opgeneem het, het getuig dat hy daardie inligting bekom het van die polisiebeampte wat die appellant hospitaal toe gebring het. Dit is gemene saak dat sers Smit die appellant hospitaal toe geneem het. Die verpleegkundige het toegegee dat die betrokke polisiebeampte die moontlikheid van 'n epileptiese aanval terloops aan hom genoem het, maar volgens hom het die polisiebeampte bygevoeg dat hulle by die appellant se ouers sou gaan uitvind of daar enige geskiedenis van epilepsie is. Die appellant en sy familie het in die loop van hulle getuienis ontken dat die appellant ooit in die verlede enige tekens van 'n epileptiese aanval getoon

het. Die geneesheer wat die appellant later die aand in die hospitaal ondersoek het, het geen aantekening van enige beserings gemaak nie, en hy het ook nie sy diagnose in die hospitaallêer aangeteken nie. In die loop van sy getuienis het hy egter die moontlikheid van 'n histeriese aanval genoem.

Sers Smit het ontken dat hy ooit aan die verpleegkundige gesê het dat die appellant van 'n voertuig afgeval het. Die staat kon egter nie verduidelik by wie anders die verpleegkundige daardie besondere inligting kon gekry het nie. Daarbenewens staan dit vas dat die appellant wel sekere beserings gehad het toe hy op 22 Augustus 1990 by die landdros was om sy verklaring af te lê. Na my mening bestaan daar ernstige twyfel omtrent die oorsaak van die appellant se beserings.

Die landdros moes nie die appellant se bewering dat hy die bekentenis vrywillig wil aflê, sonder meer aanvaar het nie. Die appellant het die landdros net

tevore vertel hoe hy deur die polisie aangerand was, en hy het hom ook die beserings getoon om sy storie te staaf. Die appellant se klaarblyklike onwilligheid om die beweerde aanranding onder die aandag van 'n polisie-offisier te laat bring, moes die landdros op sy hoede geplaas het. Daardie onwilligheid kan weliswaar verskillende moontlike verklarings hê, maar die landdros het die appellant nie uitgevra na die rede vir sy onwilligheid nie. Een moontlike rede waarom die appellant geen aanrandingklag teen die polisie wou laat ondersoek nie, is omdat hy verdere aanranding van die polisie kon gevrees het. Indien dit die rede vir die appellant se onwilligheid was, kon die bekentenis beswaarlik vrywillig afgelê gewees het. Teen hierdie agtergrond moes die appellant se bekentenis na my oordeel nie deur die hof a quo toegelaat gewees het nie. Die bekentenis is egter nie onontbeerlik vir die staatsaak nie. Selfs sonder die bekentenis is die getuienis teen die appellant na my oordeel so sterk dat daar geen twyfel

kan bestaan omtrent die korrektheid van die skuldigbevindings nie. Die appellant se appèl teen die skuldigbevindings kan gevolglik nie slaag nie.

Wat die appèl teen die vonnis betref, het die appellant se advokaat betoog dat die doodvonnis nie die enigste gepaste vonnis vir die twee moorde is nie, en dat die roof op mev Rokitta nie so ernstig van aard was dat dit 'n vonnis van 12 jaar gevangenisstraf regverdig nie. Ek sal eerstens met die vonnis van 12 jaar gevangenisstraf vir die roof met verswarende omstandighede handel. Soos blyk uit die getuienis van die distriksgeneesheer was die aanranding op mev Rokitta ernstig van aard en omvang. Sy was beslis nie 'n robuuste persoon nie en die verwurging kon net sowel haar dood veroorsaak het. Die .22 geweer waarvan sy beroof is, is kort daarna by die pleging van ander ernstige misdade gebruik. Die afleiding is nie vergesog dat die appellant die .22 geweer met die oog op die pleging van ander misdade geroof het nie. Die appellant is ook nie

'n eerste oortreder nie. Hy het 'n lang reeks vorige veroordelings weens huisbraak en diefstal, en by een van daardie geleenthede het hy ook vuurwapens en ammunisie gesteel. In die lig van al die omstandighede is die vonnis van 12 jaar gevangenisstraf na my oordeel glad nie onvanpas nie. Ek vind geen rede waarom hierdie hof met daardie vonnis behoort in te meng nie.

Vervolgens is daar die appèl teen die opgelegde doodvonnisse. Die appellant se advokaat het enersyds betoog dat die bekentenis nie toelaatbaar is om die skuldigbevindings te bewys nie, maar andersyds wou hy hom tog met die oog op strafversagende faktore op die inhoud van die bekentenis beroep. Hy wou aan die hand van die appellant se bekentenis aantoon dat die appellant die misdade onder die invloed van beskuldigde 2, 'n veel ouer en meer ervare persoon, gepleeg het. Die appellant kan egter nie op twee stoele sit nie. Daar is reeds bevind dat die bekentenis ontoelaatbaar is. Volgens die appellant se getuienis is die wesenlike gedeeltes van die

bekentenis aan hom voorgesê, en is dit in elk geval nie die waarheid wat in die bekentenis staan nie. Daarbenewens het die appellant nie tydens die verhoor getuig dat beskuldigde 2 hom in enige opsig beïnvloed het om die misdade te pleeg nie. Maar selfs indien dit in die appellant se guns aanvaar sou word dat beskuldigde 2 moontlik 'n mededader was (wat nie uit die getuienis blyk nie), toon die bewese feite duidelik aan dat dit die appellant was wat feitlik deurgaans die leidende rol by die pleging van die misdade gespeel het. Volgens mev Rokitta se getuienis was sy deur slegs een persoon beroof, en al die getuienis dui daarop dat dit die appellant was. Kort nadat die appellant die .22 geweer in die rooftog bekom het, is dit gebruik om die egpaar Viviers mee te vermoor. Al die getuienis dui daarop dat dit die appellant was wat die moorde gepleeg het. Hy is die persoon wat die verskillende artikels, insluitende die .303 geweer met ammunisie, uit die huis van mnr en mev Viviers verwyder het. Dit is hy wat die twee gewere

langs die pad gaan begrawe het, en dit was na alle waarskynlikheid ook hy wat daarna tot anderkant Vryburg met mev Viviers se motor gery het om die polisie op 'n dwaalspoor te bring. Die meeste van die gesteelde goed is kort daarna in die besit van die appellant se vriendin, Peterine Tiemies gevind, terwyl die appellant self mnr Viviers se vermiste windjak gedra het. Die bewese feite regverdig myns insiens dus gladnie 'n bevinding dat die appellant moontlik deur beskuldigde 2 beïnvloed kon gewees het om die misdade te pleeg nie.

Aspekte wat wel as strafversagkend in aanmerking geneem moet word, is die appellant se relatiewe jeugdigheid en die moontlikheid van sy rehabilitasie. Die appellant was 20 jaar oud toe hy die moorde in Augustus 1990 gepleeg het. Hy het onder agterlike en moeilike omstandighede opgegroeï. Hy het die skool verlaat toe hy nog maar in standerd 2 was. Vanaf ongeveer sy twaalfde jaar het hy as arbeider op 'n plaas gewerk. Hy het op jeugdige ouderdom reeds in

misdaad verval. Toe hy ongeveer 17 jaar oud was, is hy tot 2 jaar effektiewe gevangenisstraf gevonniss. Hy is vrygelaat nadat hy net meer as een jaar van die vonnis uitgedien het, waarop hy by Upington Wynkelders gaan werk het. Daarna het hy ook by 'n transportbesigheid gewerk. Ondanks sy relatiewe jeugdigheid het hy weliswaar heelwat lewenservaring opgedoen teen die tyd dat hy die onderhawige misdade gepleeg het.

Appellant se advokaat het betoog dat die kans op rehabilitasie goed is, gesien sy jeug en die feit dat hy nie vorige veroordelings vir geweldsmisdade het nie. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die roof op mev Rokitta 'n geweldsmisdaad is wat 'n paar dae voor die moorde gepleeg is. Hoewel die moontlikheid van rehabilitasie seker nie uitgesluit kan word nie, dui die appellant se lang reeks vorige veroordelings daarop dat hy reeds die weg van 'n geharde misdadiger ingeslaan het en dat selfs tronkstraf hom nie in die verlede van verdere misdaad weerhou het nie.

Die strafverswarende faktore is voor die hand liggend en myns insiens oorweldigend. Die appellant het in die loop van 'n rooftog vir eie gewin twee weerlose oumense in die nag in hulle eie huis koelbloedig vermoor. Alles dui daarop dat dit 'n beplande rooftog was. Die appellant het gewapend soontoe gegaan, en toe hy sy twee slagoffers in die kop geskiet het, het hy klaarblyklik die direkte opset gehad om hulle te dood. Daarna het die appellant ongesteurd die .303 geweer en ammunisie uit die kluis gesteel, verskeie ander artikels bymekaargemaak, die motorsleutels bekom en met sy buit daar weggery.

Hierdie hof het reeds by verskeie geleenthede beslis dat die elemente van afskrikking en vergelding by straftoemeting na vore tree wanneer 'n gepaste straf oorweeg moet word in gevalle waar ouer persone in hulle huise in die loop van 'n rooftog vermoor is. (S v Khundulu and Another 1991(1) SASV 470 (A) te 479 h-i; S v Makie 1991(2) SASV 139 (A) te 143 h-i; S v Sasing

1991(2) SASV 361 (A) te 365 g-h; S v Shabalala and Others 1991(2) SASV 478 (A) te 483 c-e; S v Tloome 1992(3) SA 568(A) te 577 I.) Die onderhawige saak is nog so 'n geval, en na my oordeel is die doodvonnis die enigste gepaste straf vir die sinnelose moorde wat die appellant gepleeg het.

Die appèl teen al die skuldigbevindings en vonnisse word gevolglik afgewys.

---

F H GROSSKOPF AR

HOEXTER AR

HARMS WND AR           Stem saam